Jaarverslag 2008/2009

Wynbedryf

SA Jongwynskou

Agri-Expo het opgetree as gasheer met die aanbieding van die 2008 SA Jongwynskou. ’n Totaal van 2036 jongwyne is deur 179 kelders ingeskryf. Beoordeling van hierdie wyne het gedurende die laaste week van Julie op Nederburg plaasgevind en 17 verskillende wynkategorië is deur ’n paneel van sewe beoordeel.

’n Merlot van Boland Kelder in die Paarl is aangewys as die top Jongwyn in Suid-Afrika. Die gesogte Generaal Smuts trofee is op Donderdag 21 Augustus, tydens ’n middagete by Oude Libertas in Stellenbosch aan die wenner oorhandig. Spier Wyne van Stellenbosch het met die Pietman Hugo trofee weggestap vir die meeste punte behaal in vyf inskrywings.

Agri-Expo tree elke alternatiewe jaar op as gasheer vir die SA Jongwynskou, terwyl daar finansiële ondersteuning aan die verskillende streke gegee word wat die skou al om die ander jaar aanbied.

Veritas

Die Veritas-toekennings word algemeen erken as Suid-Afrika se voorste wynkompetisie. Dié kompetisie het ten doel om kwaliteit en uitnemendheid in hierdie hoogs kompeterende veld te beloon en dien as ’n uitstekende gids tot wyngenot vir verbruikers.

Die beoordelaarspaneel is hierdie jaar bygestaan deur ’n span internasionale wynkenners van uiteenlopende agtergronde, elk met omvattende ervaring in wynbeoordeling. Die teenwoordigheid van hierdie ses top internasionale deskundiges vanaf so ver as Australië, Swede, Duitsland, Nederland, Kanada en die Verenigde Koninkryk, verhoog die geloofwaardigheid van die resultate. Die beoordeling van die 17de jaarlikse Veritas-toekennings het by die Nederburg Veilingskompleks in die Paarl vanaf 8 tot 12 September plaasgevind. Vyftien panele van 105 vooraanstaande beoordelaars het ’n merkwaardige 1 753 inskrywings beoordeel. Professionele opinies is uitgeruil voordat konsensus bereik is om die wenners aan te wys. Vir die sewende agtereenvolgende jaar het Shiraz die meeste inskrywings met 220 wyne gehad, gevolg deur Sauvignon Blanc met 192 en Cabernet Sauvignon met 187. Die 2008-wenners van die Veritas-dubbelgoud en -goud is tydens ’n galadinee, wat deur Agri-Expo geborg is, op Saterdag 11 Oktober by die Kaapstadse Internasionale Konvensiesentrum (KIKS) aangekondig.

Kultivarwerksgroepe

Om verdere klem te plaas op die gehalte van Suid-Afrikaanse wyne is Agri-Expo ook betrokke by verskillende kultivarwerksgroepe. Die doel van hierdie werksgroepe is om die kwaliteit van die onderskeie kultivars te bevorder. Vanjaar is ondersteuning verleen aan die Shiraz-, Sauvignon Blanc-, Riesling-, en Chardonnay-werksgroepe.

Suiwelbedryf

Die Suid-Afrikaanse Suiwelkampioenskappe

Die kampioenskappe is goed gevestig as riglyn vir Suid-Afrikaanse suiwelprodukte waaraan 75% van die suiwelbedryf deelgeneem het. Die hoofdoel van die kompetisie is om die gehalte van suilwelprodukte te verhoog. Die resultate word deur vervaardigers gebruik om hul produkte met dié van die wenners te vergelyk en om, indien nodig, veranderinge aan die vervaardigingsproses aan te bring ten einde die kwaliteit te verhoog.

Nagenoeg 800 produkte is ingeskryf en deur 43 suiweldeskundiges beoordeel wat onder die mees ideale omstandighede die sensoriese evaluasie van suiwelprodukte kon waarneem. Agri-Expo het die omstandighede waaronder beoordeling gedoen word sodanig verbeter dat dit uitstekend vergelyk met die belangrikste suiwelprodukkompetisies in die wêreld. Dit is egter steeds ’n uitdaging om verdere verbeterings aan te bring om nuwe tegnieke vir die opleiding van suiwelbeoordelaars te ontwikkel, sodat die resultate meer geloofwaardig en bruikbaar vir vervaardigers kan wees.

Die belangrikste supermarkte gebruik die resultate op groot skaal om die wenprodukte te promoveer, wat ook daartoe lei dat die Qualité-toekennings en die SA Suiwelkampioenskapwenners bemark word. Die uitslae word in ’n verskeidenheid verbuikers- en bedryfspublikasies gepubliseer, en dit bly steeds ’n prioriteit om die wenprodukte op ’n groter skaal aan die publiek bekend te stel.

Danisco Qualité-dinee

Die betekenis van hierdie geleentheid word gereflekteer in die bereidheid van die borg, Danisco, om in die huidige ekonomiese klimaat bemarkingsfondse beskikbaar te stel. Benewens die SA Kaasfees, bly dit jaarliks die belangrikste suiwelgeleentheid, en word dit deur ’n wye spektrum hoofspelers in die bedryf bygewoon. Nadat dit vir baie jare in die Stellenbosch-stadsaal aangebied is, is dit geskuif na die Bloemhofsentrum, omdat dit op dieselfde dag as die nasionale verskiesingsdag plaasgevind het. Die bywoningsyfer van 430 is egter ’n bewys van die

belangrikheid van die geleentheid. Danisco het hul tevredenheid uitgespreek oor die waarde van die geleentheid vir hulle as verskaffer aan die bedryf, en ons hoop dat hierdie vennootskap sal voortgaan.

Die Suiwelproduk van die Jaar-toekenning is aan Parmalat SA gemaak vir ’n ekstra beleë Cheddarkaas, terwyl die eerste uitstaller uit Afrika, Browns Cheese van Kenia, twee kampioenskaptitels gewen het.

Afrika-projekte

Agri-Expo het gedurende die jaar meer betrokke geraak in Afrika met die oog op konsultasie en die oordra van tegnologie. ’n Strategiese dokument wat vir die Mosambiekse suiwelbedryf voorberei is, is deur die owerhede aanvaar en die voorstelle word tans geïmplementeer. Uitgebreide opleiding word in Tanzanië en Zanzibar gedoen waar daar drie werkwinkels aangebied is om die verbruik van kaas in die kleinhandel- en gasvryheidsektore te bevorder. Konsultasiebesoek is aan Kenia, Uganda en Rwanda gebring wat verdere versoeke gerig het vir intervensie. Drie jong kaasmakers van Tanzanië, Kenia en Uganda is gekies om in Frankryk te studeer met ’n studiebeurs wat Agri-Expo administreer.

Internasionale kaaskompetisies

Die World Cheese Awards het in Dublin plaasgevind en, as konsolideerder van die kompetisie vir Suider-Afrika, het Agri-Expo 37 kaasinskrywings vir die kompetisie gekoördineer.

’n Hele aantal goue, silwer en brons medaljes is deur die groter kaasvervaardigers verwerf. ’n Bemoedigende verskynsel was die aantal medaljes wat deur die kleiner boetiek kaasmakers gewen is – ’n sekere teken van verbeterde kwaliteit. Agri-Expo se Bestuurder: Suiwel het as een van die internasionale beoordelaars opgetree en het ook tydens ’n lewendige uitsending op Ierse televisie op die paneel gedien wat die Wêreldkampioenkaas moes kies.

Kleinhandelopleiding

Agri-Expo is deur die grootste kleinhandelorganisasie in Afrika gekontrakteer om werkers in die kleinhandel op te lei in die hantering, verkoop en bemarking van kaas. Hierdie opleiding het ten doel om die verkope van kaas te verhoog deur die behoorlike hantering van kaas op die vlak van die kleinhandelaar, terwyl kliënte oor die gebruik van kaas in hul daaglikse dieet ingelig word. ’n Aantal opleidingsessies is gehou en groter deelname in die toekomstige kleinhandelopleiding word verwag.

Slow Food-organisasie

Agri-Expo se Bestuurder: Suiwel is genooi as afgevaardigde na die derde Terra Madre Konferensie in Turyn, Italië om die klein boetiek kaasmakers van Suid-Afrika te verteenwoordig. Hierdie konferensie is deur 7 200 verteenwoordigers van 137 lande bygewoon. Benewens die vele stalletjies wat landbouprodukte uitgestal het, het ’n hele aantal wegbreekgroepe in gesprek getree oor alle aspekte van volhoubare boerdery.

Advies- en konsultasiediens

Hierdie diens neem steeds in belangrikheid toe, aangesien daar geen organisasie bestaan wat kleiner kaaserye kan bystaan met probleme rondom kwaliteit, die bestuur van voorsieningskanale en die uitbreiding van reekse nie. Die Bokmelk-verwerkingsorganisasie wat met Agri-Expo se hulp gestig is, het reeds goeie vordering gemaak en het projekte aangepak om hierdie sektor van die suiwelbedryf te verbeter. Verskeie projekte van hoë kwaliteit is van stapel gestuur, waarvoor Agri-Expo op ’n professionele basis vergoed is.

Wes-Kaap/Boergondië kaasmakersbeurs

Sedert die program deur Agri-Expo in 2004 geïnisieer en deur die Departement van Landbou: Wes-Kaap geborg is, het reeds twintig Wes-Kaapse kaasmakers opleiding ontvang. Die sukses van hierdie program blyk duidelik uit die aantal nuwe kase wat ontwikkel is sowel as die verbetering van die gehalte kaas wat tans in die handel beskikbaar is. Die program word moontlik gemaak deur die rol wat die Departement van Landbou: Wes-Kaap en sy seniorbestuur speel ten opsigte van ondersteuning en befondsing.

Hulle visie om die maak van kaas in die provinsie te ondersteun, het strategiese waarde aangesien 50% van alle Suid-Afrikaanse kaas nou in die Wes-Kaap vervaardig word. Agri-Expo was instrumenteel in die besluit om ’n gevorderde kursus te ontwikkel, wat in die toekoms elke tweede jaar aangebied sal word.

SA Kaasfees

Die 2009 SA Kaasfees het gedurende die naweek van 24–27 April, homself weereens bewys as een van die land se toonaangewendste geleenthede en word geag vir sy uitstaande kulinêre inhoud en gesellige samesyn. Die besonders hoë kwaliteit van Suid-Afrikaanse kase, sowel as die verskeidenheid verwante produkte, maak seker dat hierdie fees ’n hoogtepunt op enige kosliefhebber se kalender bly. Marknavorsing wat hierdie jaar onder beide besoekers as uitstallers gedoen is, toon dat die Kaasfees steeds in sy doel slaag om die verhoogde verbruik van kaas in Suid-Afrika aan te moedig.

Om veral verkeersprobleme van die verlede die hok te slaan het Agri-Expo besluit om alle kaartjies vir die fees voor die tyd deur Computicket te verkoop. Dit was ’n uitdagende stap om te neem in die lig van die ekonomiese druk wêreldwyd. Getroue ondersteuners van die fees het hulle nie deur die verhoging in prys of beperking op kaartjieverkope laat afskrik nie. Drie dae het uitverkoop en die Vrydag het die meeste besoekers nog ooit op ’n “werkdag” gelok. Die getalle is beperk tot 8 000 per dag en het 28 905 besoekers die vier dae fees bygewoon.

Die ekonomie het ook ’n impak op die werwing van borgskappe gehad. Drie groot borge het onttrek en was dit nodig vir Agri-Expo om met baie streng bestuur van uitgawes en onderhandeling met diensverskaffers, die boeke te laat klop. Agri-Expo wil graag alle borge en diensverskaffers bedank vir die wyse waarop hulle meegewerk het om die sukses van die 2009 SA Kaasfees te verseker.

Beoordelaars van EXSA (Exhibition and Event Association of Southern Africa) het die Vrydag die Fees en die stalletjies beoordeel. Die volgende wenners is tydens ’n uitstallersontbyt die Saterdag aangewys:

Portobello	-	beste boutiekkaas
Checkers	-	beste nasionale kaas
Mannamakers	-	beste verwante produk
Marc’s Mediterranean Cuisine	-	beste in Fynproewerslaan
Boschendal	-	beste wynstalletjie
Fleckvieh	-	beste in Melkfabriek

Navorsing onder besoekers en uitstallers is hierdie jaar in opdrag deur die Universiteit van Stellenbosch gedoen. Dit was verblydend om te vind dat 59% besoekers die fees gereeld bywoon terwyl 88.2% aangedui het dat hulle die 2010 Fees sal bywoon. Meeste respondente het aangedui dat hulle nuwe kase geproe het, nuwe kaasmakers ontdek het en inligting kon versamel wat sal verseker dat hulle ’n groter verskeidenheid kaas in die toekoms sal aankoop.

Perdebedryf

Sibaya-veiling

Op die 2008 Sibaya-veiling was 292 jaarlinge en 201 perde te koop aangebied. Weereens moes bykans 500 perde deur die stalle beweeg. Die geleentheid in Durban word gekenmerk deur ‘n tydsbeperking, aangesien Agri-Expo slegs op die Saterdag in die Sibaya-parkeerterrein toegelaat is terwyl die eerste perde reeds vier dae later (Dinsdag) gearriveer het. Heinings, ’n arena en 350 stalle moes gebou word, en beddegoed moes in die staljongens se kwartiere voorsien word. Eenhonderd en sestig staljongens word op die perseel gehuisves. Ruimte is beperk en dit verg fyn beplanning om die hutte, storte en toilette in die klein gebied langs die stalle in te pas, terwyl deurentyd in gedagte gehou moet word dat ons, ons direk langs die voorste parkeerterrein van die Sibaya Casino bevind en dat die skoonheidswaarde belangrik is.

Die veiling van die jaarlinge het in die Imbizo Konferensiesentrum van die Casino plaasgevind. Die totale prys van R15,675,000.00 was 16% laer as die vorige jaar se syfer. Die gemengde veiling se totaal was ook laer, maar die gemiddelde prys was effens hoër. Dit wil voorkom of die ‘Perd in Opleiding’ sterk na vore getree het as ’n belangrike deel van die veiling.

Lippizaners by GrandWest

Agri-Expo is deur GrandWest gekontrakteer om die logistieke aspekte te bestuur vir die aanbieding van die “Lippizaner Stallion Shows” in die Grand Arena. Ons was ook verantwoordelik vir die ontwerp en bou van die Dresseer Arena binne hierdie besonderse lokaal.

Met hierdie aanbieding is swaar masjinerie vir die eerste keer binne die arena toegelaat. Klei en saagsels is versigtig gemeng en het die perfekte oppervlakte geskep. Komplimente is vanaf die ruiters ontvang, dat dit die beste oppervlakte is waarop hulle nog ’n vertoning gelewer het. Beligting is hanteer deur die professionele span van die Grand Arena, en het bygedra dat die vertonings ’n besonderse ervaring was. Alle vertonings is baie goed deur die publiek bygewoon, en dit was vir Agri-Expo ’n voorreg om betrokke te kon wees by vertonings van hierdie wêreldbekende hingste.

Jaarlikse Perdeskou

As gevolg van die swaar reëns gedurende die winter was die nuwe arena ongelukkig nie betyds gereed vir die jaarlikse perdeskou nie en moes die 2009-geleentheid daarom gekanselleer word. Ons beplan egter ’n reuse skou vir 2010.

GrandWest Jaarlingveiling

Die Kaapse veiling is terug verskuif na die tradisionele eerste naweek in Februarie om saam te val met die J&B Met. Alhoewel dit ’n bietjie vroeg in die jaar is vir die verkope van jaarlinge, is dit steeds beter as om dit ná die nasionale veiling gedurende die Kaapse winter te hou.

Met die ekonomie op ’n laagtepunt was verwagtings nie hoog nie! In vergelyking met verlede jaar se 253 jaarlinge, is daar hierdie jaar slegs 210 aangebied. Die gemiddelde prys was slegs 10% laer, maar word steeds beskou as redelik goed in die huidige ekonomiese klimaat. Die merrieveiling is ook twee dae later in die markiestent in die verkoopsarea gehou, maar die gemiddelde prys was 23% laer.

Logistiek by GrandWest is effens makliker as by Sibaya omdat daar meer ruimte is, maar daar is steeds baie tydsbeperkinge omdat die Casino ’n groot deel van hul parkeerterrein moes afstaan en wat hulle vir die absoluut minimum tydperk beskikbaar gestel het. Hulle -
verwag dat die parkeerterrein na 5 dae skoon en netjies moet wees sonder enige teken van stalle of perde!

Ledeskoue

Vier-en-twintig ledeskoue het vanjaar met die ondersteuning van Agri-Expo hul jaarlikse landbouskoue aangebied. Agt nasionale, 22 provinsiale, 34 streeks, 3 inter-streek en 35 klubkampioenskappe is vanjaar onder die Agri-Expo vaandel aangebied. Benewens hierdie kampioenskappe is daar ook verskeie pluimveeskoue, opkomende boerskoue en jeugskoue onder die Agri-Expo vaandel by skoue aangebied.

Die jaarvergadering van ledeskoue het op 30 Oktober te Sandringham plaasgevind. Hierdie vergadering word deur Agri-Expo gereël om probleme wat skoue ervaar te probeer oplos, skoudatums te koördineer en voort te bou op die goeie verhouding wat Agri-Expo met ledeskou het. ’n Goeie gees heers onder landbougenootskappe en die wyse waarop verteenwoordigers van die betrokke genootskappe gedagtes uitruil is ’n groot aanwins vir die skoubedryf. Hierdie geleentheid word jaarliks goed bygewoon, want dit is hier waar saamgespan word om van ’n goeie skou ’n beter skou te maak.

Tydens hierdie vergadering het die Projekkoördineerder sterk klem gelê daarop:
dat landbougenootskappe, jeugskoue as ’n geleentheid moet sien, om waarde tot hul skoue toe te voeg;

dat landbougenootskappe transformasie in die skoubedryf moet bevorder;

dat Agri-Expo altyd in ’n raadgewende hoedanigheid beskikbaar is vir landbougenootskappe en dat skoue die vrymoedigheid moet hê om Agri-Expo te kontak.

Die skoubedryf word in die huidige ekonomiese klimaat egter meer geraak as wat baie mense besef. Landbougenootskappe moet in hierdie tye bymekaar staan, mekaar ondersteun en geleenthede aangryp.

Pluimvee

Jonghoederskou

Vir die afgelope vyf jaar, het hierdie skou oor 2 dae gestrek, maar weens verskeie redes, is dit in 2009 verander na ’n eendag skou en uit die terugvoering wat ontvang is, blyk dit ’n meer aanvaarbare reëling te wees.

Afgesien daarvan dat heelwat lede ’n baie swak broeiseisoen gehad het, het 29 vertoners met 592 van hulle jong hoenders gespog. Die beoordelaars was dit eens dat die kwaliteit en standaard van die inskrywings oor die algemeen baie hoog was.

Wes-Kaap Klubskou

Ten spyte van algemene prysverhogings, hoë brandstofpryse, afstande wat gery moet word en die huidige ekonomiese toestand, is 1529 inskrywings van 47 vertoners ontvang.

Behalwe vir die lede wat relatief naby Worcester woon, het inskrywings van so ver as Port Elizabeth, Mosselbaai en Oudtshoorn gekom.

Soos met die Jonghoenderskou, is inskrywings van hoë gehalte ontvang en een beoordelaar het opgemerk dat hy regtig gesukkel het om die beste en tweede beste inskrywings in sekere van die rasse wat hy beoordeel het, aan te wys, want al die inskrywings was uitstekend. Voorwaar ’n pluimpie aan alle vertoners! Hierdie skou is ook baie goed ondersteun deur die publiek en van oral oor het die Klub komplimente ontvang vir ’n baie goed georganiseerde en suksesvolle skou.

Jeug

Landbouskole

Die Projekkoördineerder het vanjaar verskeie besoeke afgelê by die drie landbouskole binne Agri-Expo se bedieningsarea. Leerders in elke graad by Augsburg Landbougimnasium, Hoër Landbouskool Boland en Hoër Landbouskool Oakdale ontvang jaarliks verskeie toekennings vanaf Agri-Expo tydens hulle prysuitdelingsfunksies.

Agri-Expo besef onder watter finansiële druk akademiese instellings vandag moet funksioneer en het ’n helpende hand na hierdie inrigtings uitgereik. Lenings word beskikbaar gestel, waarmee onder andere rekenaarlokale, koshuisgeriewe, sportkomplekse en opvoederbehuising opgradeer of geskep kan word.

Jeugskoue

Agri-Expo tree as hoofborg op vir die Wes-Kaap Landbou Jeugvereniging. Hierdie ondersteuning aan die Vereniging het vanjaar daartoe bygedra dat 6 streekskoue aangebied is waaraan 523 leerders deelgeneem het.

Wynland (74), Eden (79), Outeniqua (38), Cederberg (181), Overberg (88) en Swartland (63).
Die volgende afdelings word by die onderskeie Jeugskoue aangebied:

Wynland:	Vleisbees, Suiwelbees, Melkbok, Boerbok, Wolskaap en Vleisskaap
Eden:	Vleisbees, Suiwelbees,Wolskaap en Vleisskaap
Outeniqua:	Vleisbees en Suiwelbees
Cederberg:	Melkbok, Boerbok, Angorabok, Wolskaap, Vleisskaap en Huisvlyt
Overberg:	Vleisbees, Suiwelbees, Wolskaap en Vleisskaap
Swartland:	Vleisbees, Wolskaap en Vleisskaap

Na afloop van die Streekskoue word die Wes-Kaap kampioenskappe aangebied, waar daar dan ’n provinsiale span aangewys word om by die Nasionale kampioenskappe te gaan deelneem. Hierdie Nasionale kampioenskappe is gedurende September op Williston aangebied. Dit was die derde agtereenvolgende keer dat die Wes-Kaap die kampioenskappe gewen het. 18 Goud, 11 silwer en 9 bronsmedaljes is deur die Wes-Kaapspan verower.

Algemeen

Vroue Landbouvereniging (VLV) Kaapland

Agri-Expo het vanjaar finansiële hulp en ondersteuning aan die VLV Kaapland verleen. Die Bemarkingsbestuurder het die Genootskap verteenwoordig by die 79ste Jaarkongres in Jeffreysbaai in Augustus met die tema “Vroue van Môre”.

Die Genootskap dra ook finansieel by tot die Sirkel Tygerberg se jaarlikse skou, en ons trofeë is vir die verskillende kompetisiekategorieë aan hulle beskikbaar gestel vir oorhandiging. Die Bemarkingsbestuurder het ook in Maart die opening van Sirkel Tygerberg se 42ste Sirkelkonferensie bygewoon.

Die VLV Kaapland verdien lof vir die uitreikprojekte waarby hulle betrokke is. Minderbevoorregte jong rugbyspelers is gehelp om aan die Craven- en Akademiese rugbyweek deel te neem; met ingesamelde geld is ’n kothuis vir 16 dogters by ’n jeugsentrum in Port Elizabeth opgeknap; straatkinders word versorg en met hulle ouers herenig; munisipaliteite word gehelp om museums in stand te hou en hulp word op plattelandse dorpe verleen om sypaadjies en tuine te verfraai.

Royal Agricultural Society of the Commonwealth (RASC)

Die Raad van die Genootskap het ’n afvaardiging bestaande uit die President, Vise-President en die Hoof Uitvoerende Beampte getaak om die 23ste Landboukongres van die Statebond in Christchurch, New Zealand by te woon. Die Projekkoördineerder van die Genootskap is suksesvol genomineer vir ’n beurstoekenning om ook die kongres by te woon. Hierdie beurstoekennings word gemaak aan die “Volgende Generasie” groep van die RASC. Potensiële kandidate moet deur ’n landbougenootskap genomineer word en moet onder die ouderdom van 30 jaar wees.

Die tema vir vanjaar se kongres was “The Challenges of Change” Hierdie insiggewende vierdag kongres met meer as 150 afgevaardigdes van verskillende landbougenootskappe binne die Statebond het heelwat relevante aspekte aangespreek. Terugvoering aangaande die kongres is op verskeie geleenthede aan belangegroepe gelewer.
Twee besoeke aan die Genootskap is gedurende die jaar ontvang vanaf die Ere-Perssekretaris van die RASC asook die Ere-Sekretaris.

Landbouskrywersvereniging

As deel van sy missie om die beeld van landbou te bevorder is die Genootskap ook lid van die Landbouskrywersvereniging. Agri-Expo tree jaarliks op as gasheer en administratiewe kantoor vir die aanbied van die Vereniging se nasionale fotokompetisie.

Vanjaar is daar weer verskeie inskrywings van besonder hoë standaard ontvang en was daar behoorlik kopgekrap deur die beoordelaars. Die wenfoto is geneem deur Johan Norval met die tema “Hoewe het geklap”.

EXSA-konferensie

Die EXSA-konferensie se tema was “WIDING HORIZONS”. Dit was die eerste keer dat die konferensie buite die Gauteng-area gehou is. Die konferensie self is by die Lord Charles Hotel in Somerset-Wes aangebied. Die oogmerk met vermaak was om die gaste met die prag van ons stad te beïndruk, en Agri-Expo het opdrag ontvang om die verwelkomingspartytjie te reël, wat op die uitsonderlike Bikini Strand in Gordonsbaai plaasgevind het.

Bewaring

Die Genootskap ondersteun reeds vir die afgelope paar jaar twee projekte wat deur die WWF (World Wildlife Fund for Nature) bestuur word. Die bewaring van die Oewerkonyn is reeds verskeie jare hoë prioriteit vir die Genootskap, aangesien boerderymetodes primêr verantwoordelik is vir die vernietiging van hierdie konyn se habitat.

Die Karoo Eko-skole projek word ook ondersteun. Leerders word op jeugdige ouderdom bewus gemaak van bewaring asook die rol wat bestaande landboupraktyke speel in die vernietiging of bewaring van die omgewing. Die fondse wat die Genootskap beskikbaar stel is ook aangewend vir die ontwikkeling van ’n bordspeletjie wat die verskillende prosesse uitbeeld. Hierdie speletjie is met groot entoesiasme deur die leerders ontvang en blyk baie suksesvol te wees.

Terugvoering geskied op kwartaallikse basis en die Genootskap ontvang ook persoonlike besoeke deur projekbestuurders om ons op hoogte te hou van die vordering. Die Genootskap het ook vanjaar deelgeneem aan die WWF se Earth Hour inisiatief om belangrikheid van kragbesparing te beklemtoon. Die Hoof Uitvoerende Beampte het die Genootskap verteenwoordig op 28 Maart in die Waterfront, waartydens die ligte teen Tafelberg afgeskakel is.

Personeel

Na ’n veeleisende eerste ses maande van die finansiële jaar het die personeel gedurende Desember ’n spanbousessie bygewoon in die Kaapstad Internasionale Konvensiesentrum. Die sessie is gelei deur die wêreldbekende dirigent en motiveringspreker, Dr Ben Zander, met die tema “The art of possibility”. Geleenthede soos hierdie is beslis verrykend en ’n goeie investering in die personeel.

’n Groot eer het ook vanjaar die Bestuurder: Suiwel, mnr Kobus Mulder, tebeurt geval toe hy deur die Melkprodusente Organisasie (MPO) vereer is as Suiwel Nuusmaker van die Jaar. Hierdie toekenning is tydens ’n spoggeleentheid in Port Elizabeth aan hom oorhandig. Die Genootskap is voorwaar trots op die bydrae wat mnr Mulder lewer tot die Suiwelbedryf in Suid-Afrika.

Die Projekkoördineerder, Mnr Breyton Milford, is deur die RASC genomineer om saam met 11 ander lede van die “Next Generation” groep gedurende Oktober 2009, Papua New Guinea te besoek. Die doel van hierdie besoek is om nuwe en kleinboere in afgeleë gebiede by te staan, inligting oor te dra en opleiding te gee. Hierdie is voorwaar ’n besonderse geleentheid wat deur die Statebond geskep word, en Agri-Expo is trots daarop dat mnr Milford deel vorm van hierdie uitgelese groep jongmense.

Beleggings

Die jaar sal onthou word as een van die ergste jare in terme van ekonomiese ineenstortings en die globale finansiële krisis. Beleggers met baie ervaring het nog nooit hierdie tipe markte beleef nie en vergelykings word getref met die wêreldwye depressie van die 1930’s.

Plaaslik oorheers markpessimisme ook die nuus en is daar ’n verlangsaming in ekonomiese groei. Die vraag wat by ons as beleggers opkom, is: Wat nou? Hoe reageer ons op hierdie markomstandighede?
Die feit is dat niemand met sekerheid weet wat oor die kort termyn gaan gebeur nie. Agri-Expo is ’n langtermynbelegger en glo dat ’n goed gediversifiseerde portefeulje sy risiko sal beperk. Die Genootskap volg ’n gebalanseerde beleggingsplan wat die volle spektrum van bateklasse (aandele, effekte, kontant en eiendom) in beide plaaslike en internasionale markte, insluit. Die fokus bly op reële groei op die lang termyn en beleggingsprestasie word deurlopend gemonitor. Die konserwatiewe beleggingsplan en vertroue in die fondsbestuurders het in hierdie moeilike omstandighede in die Genootskap se guns getel. ’n Positiewe opbrengs op die totale beleggings is behaal en is aangewend in die Genootskap se bedryfsaktiwiteite.